eKIND BYBELSTORIES

# BABA MOSES IN DIE MANDJIE

## Eksodus 2:1 - 10

Volg hierdie skakel om na die verhaal van *Baba Moses in die mandjie* te **luister**.

Hier volg die storie van *Baba Moses in die mandjie* as jy wil **saamlees**:

Daar is 'n dogtertjie wat in 'n huisie sit. Sy is agt jaar oud. Haar naam is Mirjam.

En sy hou 'n baba vas.

Die baba is haar boetie. Hy is sowat drie maande oud. Hy het sagte rooi wangetjies en vuisies wat altyd toegeknyp is, en 'n bossie donker hare wat regop staan asof hy nounet geskrik het.

Mirjam noem hom Mossie.

Hy het nog nie sy regte naam gekry nie. Sy ma en sy pa het nog nie een gekies nie. Hulle is [pouse] baie bekommerd.

Mirjam weet iets is verkeerd.

Sy weet dit, want sy hoor hoe haar ma en pa snags fluister wanneer hulle dink sy slaap al. Sy weet, want haar ma skrik elke keer as sy voetstappe buite hoor. Sy weet, want haar ander boetie Aäron mag nie meer buite speel nie. Hy hardloop gewoonlik buite met stokke en ronde klippe en maak gilletjies.

En sy weet, want haar ma sing Mossie nie meer hardop aan die slaap nie. Sy neurie nou net saggies. Mmm-mmm-mmm. Asof selfs die liedjies nou stilte moet wees.

Op 'n aand, toe almal in die kombuisie sit, vra Mirjam dit reguit.

“Mamma, hoekom moet ons so stil wees?”

Mamma gaan sit by Mirjam op die mat. Sy vat Mirjam se hande. Haar hande bewe 'n bietjie.

“Mirjam,” sê sy, “die koning van Egipte hou nie van ons mense nie. Hy dink ons word te veel. Hy het iets aakligs gesê. Hy het gesê al die seuntjies wat in ons families gebore word, mag nie meer lewe nie.”

Mirjam knip haar oë. Sy hoor. Maar sy sukkel om te verstaan.

“Mossie dan ook?”

“Ook Mossie.”

Mirjam kyk af na haar boetie. Hy slaap. Sy klein vuisie hou aan haar pinkie vas.

“Maar Mamma,” fluister sy, “ons hou hom mos hier weggesteek. Hy huil sag. Niemand hoef hom te sien nie.”

Mamma vee ’n traan af.

“Hy word groter. Hy gaan nie meer altyd sag huil nie. Vroeër of later sal die soldate hom hoor.”

“So wat gaan ons doen?”

Haar ma kyk uit by die venster. Buite, in die agtertuin, kan sy net die riete in die maanlig sien, wat by die rivier groei.

“Ek het ’n plan,” sê sy. “Maar ek gaan jou hulp nodig hê, Mirjam.”

Die volgende oggend, voor son op, sit Mirjam en haar ma op die agterstoep en hulle werk.

Mirjam se ma het riete by die rivier gaan afsny. Lang, dik biesies. Sy vleg hulle styf saam, soos om ’n piekniekmandjie te maak. Maar dis nie sommer enige mandjie nie. Dis ’n mándjie. Groot genoeg om ’n baba in te sit.

Sy smeer die mandjie met klei toe. Dit word oral by die gleufies ingedruk. Heel laaste smeer sy donker pik bo-oor die klei.

Het jy al pik geruik? Op ’n teerstraat of op ’n speelpark se nuwe houtpale? So het Mirjam se hande die hele oggend geruik.

En toe Mamma klaar gepleister het, het sy water in die mandjie gegooi. Om die mandjie te toets. Geen druppel het deurgesyfer nie. Die mandjie was waterdig.

“Mamma,” fluister Mirjam. “Gaan dit werk?”

Haar ma kyk haar reguit aan. “Dit moet net, my kind. Dit moet net.”

En dis al wat sy sê.

Daardie middag, toe die son begin sak, het hulle saamgestap rivier toe.

Mirjam se ma het Mossie saamgedra. Mirjam het die mandjie met altwee hande vasgehou.

By die rivier het hulle deur die hoë riete geloop. Die riete was langer as Mirjam se kop. Sy het die diep rivierwater anderkant die stingels sien blink.

Mirjam se ma het gaan stilstaan. Sy het Mossie in die mandjie gelê, bo-op ’n sagte doek. Hy het sy oë ’n bietjie oopgemaak, na sy ma gekyk, en weer aan die slaap geraak. Soos babas maak.

Toe het sy die deksel toegemaak. En sy het die mandjie op die water gesit.

Stadig, baie stadig, het die mandjie begin dryf. Mirjam se ma het haar in die oë gekyk. Haar gesig was nat van trane, maar haar stem was helder.

“Mirjam. Mamma kan nie hier bly nie. Iemand gaan vra wat ons hier doen. Maar jý kan. Jy is ’n klein meisie. Niemand sal jou raaksien tussen die riete nie. Bly hier. Hou hom dop. En…wat ook al gebeur, onthou: jy is sy sussie.”

En toe het Mamma weggestap. Vinnig. Sonder om om te kyk.

Mirjam was alleen by die rivier. Met haar boetie wat dryf in ’n mandjie. Tussen riete wat hoër as sy is.

Mirjam het laag gehurk. Sy het deur die riete geloer.

Die mandjie het saggies gewieg op die water. Mossie het lekker geslaap. Hy beter tog net nie wakker word en begin huil nie!

Tyd het stadig verbygegaan. Voëls het bo haar verbygevlieg. 'n Padda het êrens gekwaak. Die son het laer gesak.

En toe het Mirjam stemme gehoor.

Vroue se stemme. Mirjam se hart het stilgestaan. Die vroue het Egipties gepraat.

Mirjam het amper opgehou asem haal, sodat niemand haar hoor nie.

Deur die riete het sy hulle sien afstap rivier toe. Vier of vyf vroue. Die middelste een was 'n meisie. Pragtig aangetrek. Met goud aan haar polse en 'n linne kleed.

Mirjam het haar herken. Hierdie was die prinses. Die koning se eie dogter. Mirjam se hart het so gebons, dat sy gedink het die prinses gaan dit hoor.

Want kyk net waarheen die mandjie nou gedryf het! Reguit na die prinses toe!

Die prinses het gekom om te bad. Sy het haar hand uitgesteek om 'n bietjie water op haar gesig te druk…en toe sien sy die mandjie.

"Wag," sê sy in Egipties. "Wat is dit hierdie?"

Een van haar diensmeisies kom toe vinnig nader en haal die mandjie uit. Sy bring dit na die prinses toe.

Mirjam wens sy kon haar boetie waarsku. Mossie, asseblief. Asseblief moenie nou huil nie!

Maar dink jy nou regtig 'n baba doen wat jy wens hy moet doen?

Op die presiese oomblik wat die prinses die deksel oplig, begin Mossie skreeu.

"Wáááá!"

So hard soos hy nog ooit geskreeu het. So hard dat dit deur die hele rietveld klink. Mirjam maak haar gesig met haar hande toe. Sy is te bang om te kyk wat gebeur, maar loer nog steeds deur haar vingers.

Die prinses staan en sy kyk af in die mandjie. En haar gesig verhelder. Sy sê iets baie sag. Sy buk en tel die baba op. Sy hou hom teen haar bors en raak aan sy wang. Hy gryp haar pinkie en hou dit styf in sy vuisie vas.

Die prinses weet nie heeltemal hoe om 'n baba vas te hou nie. Een van haar diensmeisies wys vir haar hoe om hom reg te hou. Sy probeer weer.

En Mossie hou op met huil.

Die prinses kyk na haar diensmeisies. "Hierdie is een van die Hebreeuse babas," sê sy. Haar stem bewe 'n bietjie. "Maar ek… ek wil hom hou."

Mirjam, daar tussen die riete, kan nie glo wat sy hoor nie.

Op daardie oomblik weet Mirjam sy moet iets doen.

Sy haal diep asem. Sy maak haar regop. Haar knieë bewe so dat sy seker is almal kan dit sien.

Maar sy stap tussen die riete uit, reguit na die vroue toe.

Die prinses skrik so groot, dat sy amper vir Mossie laat val. Een van die diensmeisies gryp 'n kort mes.

Mirjam se hart klop in haar keel. Sy probeer haar stem helder maak. Volwasse. Soos haar ma s'n.

"Sal…sal ek vir Prinses iemand gaan haal wat die baba kan kom melk gee?"

Mirjam wag. Sy weet alles hang van hierdie oomblik af.

En toe glimlag die prinses. Sy lyk verlig.

"Ja," sê sy. "Ja, gaan haal asseblief iemand."

Mirjam het gehardloop. So vinnig soos wat sy kon. Deur die riete, deur die modder, oor die grondpad, al die pad tot by haar huis se deur in.

"Mamma! Mamma!"

Haar ma het by die deur uitgekom. Haar gesig was witgeskrik.

"Mamma, kom, kóm! Die prinses het vir Mossie."

Mamma se oë het groot oopgerek.

"Dis goeie nuus, Mamma. Die prinses wil hom hou en sy soek iemand om vir hom melkies te gee."

Mirjam se ma het gesug van verligting. Sy het stadig haar hand op Mirjam se kop gesit. En sy het iets gesê wat Mirjam nooit sou vergeet nie.

"My brawe meisie."

En toe het sy haar voorskoot afgehaal en saam met Mirjam terug rivier toe gehardloop.

Die prinses het vir Mossie se ma vra om hom groot te maak. In haar eie huis, by sy eie mamma. Tot hy oud genoeg was. Toe het hy in die paleis gaan bly. By die prinses, wat sy ma geword het.

En die prinses het hom uiteindelik 'n naam gegee. Sy het hom Moses genoem. Want sy het gesê: ek het hom uit die water uit getrek. Dit is wat die naam Moses beteken.

Maar dis Mirjam wat in die riete gesit het. Mirjam wat dapper was toe haar knieë gebewe het. Mirjam wat uitgestap het toe haar stem wou verdwyn en haar asem wou ophou.

Vandag se storie eindig hier.

Met 'n meisietjie wat agt jaar oud was. Wat 'n mandjie sien dryf het tussen riete. Wat haar boetie nie alleen gelos het nie.

'n Mens kan net wonder wat Mirjam op daardie dag so braaf gemaak het.

## Vir ouerharte

Dié verhaal vind ons in Eksodus 2:1–10. Dit speel af in 'n donker tyd in Israel se geskiedenis. God se volk is in Egipte en die Farao is bang dat hulle te veel word. Daarom gee hy 'n wrede bevel dat Hebreeuse seuntjies nie mag bly leef nie. Binne hierdie gevaarlike wêreld word Moses gebore.

Die verhaal vertel nie met groot woorde hoe God werk nie. Tog sien ons Sy hand oral. 'n Ma maak 'n mandjie. 'n Sussie hou wag tussen die riete. 'n Prinses kry jammer. 'n Baba word gered en juis hierdie kind sal later deur God gebruik word om Sy volk uit Egipte te lei.

Vir kinders is dit 'n sagte, maar diep boodskap: **God sien klein kinders raak. Hy werk ook deur gewone mense wat liefhet, beskerm en dapper optree.**

## Wat hierdie storie vir kinders wys

- God sien mense raak wanneer hulle bang is. Moses se familie leef in groot gevaar, maar hulle word nie aan hulleself oorgelaat nie.
- God werk deur gewone mense. Moses se ma, Mirjam en selfs die prinses speel elkeen 'n belangrike rol in God se groter plan.
- Klein kinders kan ook dapper wees. Mirjam staan en kyk, wag en praat op die regte oomblik. Haar klein daad word deel van God se reddingsverhaal.

## Gesels met jou kind

Jy hoef nie die hele hartseer agtergrond volledig uit te pak nie. Hou dit eenvoudig en veilig:

- Wat dink jy het Mirjam gevoel toe sy by die rivier moes wag?
- Hoekom dink jy het Moses se ma so mooi vir hom gesorg?
- Het jy al ooit iemand gehelp wat bang was?
- Hoe kan ons onthou dat God by ons is, wanneer ons bang voel?

Jy kan ook vir jou kind sê: "Mirjam was nog 'n kind, maar sy kon steeds help. God kan ook jou liefde en dapperheid gebruik."

## 'n Dieper gedagte vir ouers

Kinders mag vra hoekom die koning babas wou seermaak. Dit is 'n swaar vraag. Jy kan eenvoudig sê: "Die koning was bang en het 'n baie verkeerde besluit geneem. God was by Moses se familie en het vir Moses bewaar." Dit help kinders om te weet dat die kwaad in die verhaal ernstig is, sonder dat hulle oorweldig hoef te word.

Eksodus 2 wys vir ons hoe God dikwels stil en verborge werk. Sy Naam word nie in elke vers genoem nie, maar Sy sorg is sigbaar deur die hele verhaal. Die mandjie op die water lyk klein en broos, maar dit dra God se toekoms. Moses word later die een, wat Israel deur water en uit slawerny lei.

As ouers help ons kinders om hierdie verhaal reg te hoor: God sien, God sorg en God gebruik dikwels mense se liefdevolle dapperheid as deel van Sy reddende werk.

